

# PULA IMVUILA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



APRIL  
2014

Graan SA tydskrif vir  
ontwikkelende boere

Lees Binne:

- 03 | Moenie enige kortpaaie neem met die berging van jou mielies nie
- 04 | Roofdiere – vriend of vyand?
- 07 | Wat is die opsies om my mielies te bemark?

## Die nuwe loonstruktuur – jy het geen keuse as om dit te bestuur nie!

**B**y die oorweging van die invloed van die nuwe loonstruktuur op plaaswerkers op die finansies van 'n plaas en wat om te doen, het 'n boer drie keuses – dit ignoreer, 'n "Ek moet" benadering en om dit te bestuur.

Om dit te **IGNOREER**, betaal jy lone wat jy wil betaal en jou werkers is tevrede. Dit kan 'n gevaarlike pad wees. So lank as wat jou werknemers nie kla nie, toegee, het jy nie probleem nie. Maar indien een jou aan die Departement van Arbeid rapporteer en arbeidsinspekteurs vind jy is skuldig, kan hulle jou besigheid tydelik toemaak met vernietigende gevolge. Dit gebeur wel – sowat twee jaar gelede is 'n plaas in die Noordwes-provinsie vir 'n paar maande gesluit om hul arbeidspraktyke reg te stel.

Tweedens, om 'n "**EK MOET**" benadering te volg en die hoër lone te betaal om almal tevrede te hou, kan uiteindelik lei tot baie negatiewe finansiële resultate vir jou besigheid. As gevolg van die pryskoste druk op boere (koste neem toe teen 'n vinniger tempo, persentasiegewys, as die pryse van produkte), kan hierdie houding lei tot moeilike finansiële tye.

Die derde keuse – die **BESTUUR** van die situasie – is eintlik die regte keuse. As jy 'n suksesvolle boer wil wees, moet jy hierdie roete volg. Die vraag is wat kan ek doen? Kom ons bespreek 'n paar opsies en waar om te begin.

Eerste van alles kan jy aansoek doen vir vrystelling by die Departement van Arbeid, 'n uitgerekte proses met nie veel belofte van sukses nie.





## OUMA JANE SÊ...

**D**it is amper tyd om die opbrengs van jou gewasse te skat – dit is so belonend om die resultate van jou arbeid te sien. Die natuur is so gewillig om ons by te staan in ons pogings om kos te produseer. Daar is verskillende maniere om jou oesskatting te doen en jy kan jou ontwikkelende koördineerder vra om jou te help om te verstaan hoe dit gedoen word sodat jy in 'n posisie kan wees om 'n akkurate skatting van jou verwagte oes te doen.

Graan SA hou elke jaar die NAMPO Oesweek gedurende Mei net buite Bothaville in die Vrystaat. By hierdie skou, wat die grootste landboukou in Afrika is, kan jy die mees moderne toerusting vir graanproduksie, wat geskik is vir alle groottes boerdery, sien. Dit is die moeite werd om te probeer om NAMPO hierdie jaar by te woon: 12 - 15 Mei 2014. Ongelukkig sal daar nie akkommodasie in Bothaville beskikbaar wees nie, indien jy dus sou beplan om oor te slaap, moet jy vroeg reeds reëlings tref om in een van die dorpe naby Bothaville oor te bly.

Jy sal al die insetverskaffers kan ontmoet – saad, kunsmis en chemikalieë, vervaardigers van implemente, asook baie trekkervervaardigers. Dit is goed om te sien wat beskikbaar is in die mark en 'n idee te hê van die huidige pryse. Daar is baie groot trekkers, maar ook kleiner trekkers, sodat kleinboere nie moet voel dat hulle nie NAMPO toe moet kom nie. Die personeel van die ontwikkelende program sal ook by NAMPO wees en jy kan ons kom ontmoet en jou boerdery uitdagings met ons bespreek.

Met oestyd in die vooruitsig, sal jy uitsien daarna om 'n inkomste te kry. Baie van julle het geld geleen om die gewasse wat julle gaan oes, te plant. Ons weet dat almal geld druk nodig het, maar onthou asseblief dat jy eers jou skuld moet afbetaal voordat jy geld vir jouself hou. As jy nie jou skuld betaal nie, sal jy nie maklik weer 'n lening van enige ander instansie in die toekoms kry nie.

Ons sien uit daarna om jou by NAMPO te sien! 🍀

## Die nuwe loonstruktuur – jy het geen keuse as om dit te bestuur nie!

Tweedens verwys ons jou na 'n artikel oor menslike hulpbronbestuur in 'n vorige Pula/Imvula. Maak seker dat jy 'n goeie menslike hulpbronbestuursbeleid in plek het, insluitend jou organisasiestruktuur wat al die poste aandui. Is alle poste nodig? Verminder personeel indien prakties moontlik. Binne die bestek van die Wet op Arbeidsverhoudinge en van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes is jy geregtig om personeel te besnoei op grond van operasionele vereistes (swak finansies).

Hierdie groot verandering in die loonstruktuur het ook 'n sterk klem geplaas op die aanstelling van geskikte werknemers. Alle poste in jou organisasiestruktuur moet ondersteun word deur 'n behoorlike werksbeskrywing wat gebruik word by die aanstelling van nuwe werknemers. Toets hul vaardighede voor aanstelling.

Onthou jy is geregtig daarop dat jou werknemers moet werk op 'n aanvaarbare standaard en tempo. As hulle dit nie doen nie, gebruik jou dissiplinêre prosedure en kode. Jy hoef nie te sukkel met werknemers wat nie produktief is nie.

Jy sal merk dat die bogenoemde stappe almal binne die arbeidswette val – die wettige roete – gebruik dit, jy is geregtig om dit te doen.

'n Belangrike fokusarea om hoër lone aan te spreek, is om aandag te gee aan die produktiwiteit van jou personeel, waar produktiwiteit die uitset van werknemers meet in vergelyking met die koste en tyd. Produktiwiteit is 'n groot probleem in Suid-Afrika. Wêreldwye statistieke dui daarop dat Suid-Afrika gegradeer word tussen lande met 'n lae produktiwiteit. Hierdie lae produktiwiteit veroorsaak duur arbeid in Suid-Afrika. By die oorweging van produktiwiteit is daar twee hulpbronne wat betrokke is, naamlik mense (werknemers) en toerusting (gereedskap, masjinerie, ensovoorts).

Spreek jou menslike hulpbronne aan – het jou werknemers die nodige vaardighede en kundigheid om die werk te doen en is hulle behoorlik opgelei? (Selfs die werknemer wat

'n mielieland met behulp van 'n skoffelpik bewerk). Lei jou werknemers behoorlik op om produktiwiteit te verhoog en dus arbeidskoste te verlaag. Kommunikeer ook met jou werknemers oor idees om werk gedoen te kry – hulle kan vorendag kom met wonderlike idees.

Oorweeg jou gereedskap en toerusting. Verwag jy van 'n werknemer om iets te herstel en 'n nommer 13 sleutel nodig het en dan die werk te doen met 'n draadtang. Die werknemer wat grond bewerk – is die skoffel skerp of verwag jy van hom/haar om 'n ou skoffel te gebruik met net die helfte van die lem wat nog nooit geslyp is nie. Ons sê nie jy moet 'n nuwe skoffel koop nie, ons impliseer dat jy jou gereedskap en toerusting in stand moet hou of in 'n goeie toestand moet kry om die werk behoorlik en betyds gedoen te kry.

Het jy al oorweeg om produktiwiteit te verhoog deur die aanpassing van bestaande toerusting of iets nuuts te improviseer? Onthou, "n Boer maak 'n plan." Landboutydskrifte (Landbou Weekblad, Farmers Weekly, en ander) is vol idees oor hoe bestaande gereedskap of toerusting aangepas of geïmpviseer kan word. By NAMPO sal jy ook wonderlike idees raakloop.

Ander belangrike stappe om te neem om hoër salariskoste te bestuur, is byvoorbeeld om te meganiseer of jou ondernemings te verander na minder arbeidsintensiewe ondernemings. Hierdie planne is egter nie altyd finansieel haalbaar nie, veral nie vir die kleiner boer nie. Hulle vereis hoë kapitaalinsette.

Om op te som, pas die arbeidswette toe op die letter toe en verhoog jou produktiwiteit. Lei jou werknemers op, kommunikeer met jou werknemers en gebruik funksionele gereedskap en toerusting om die hoër lone wat weer 1 Maart 2014 met 'n verdere 6,4% verhoog, teen te werk. 🍀

**Artikel verskaf deur Marius Greyling, Pula/Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na mariusg@mcgacc.co.za.**



# Moenie enige kortpaaie neem met die berging van jou mielies nie

**D**ie vloeibare graanmark het boere gedwing in 'n situasie waar hulle moet bepaal wanneer en hoe hulle hul mielies gaan verkoop. Daar word dus voortdurend nuwe bergingsmetodes ontwikkel. Vir dekades lank het boere maniere gevind om hul graan te stoor, wat ontwikkel het van grasmandjies tot die moderne staal en beton silo's van vandag.

Die berging van mielies hou talle voordele vir die boer in. Indien mielies teen die regte vognhoud gestoor word, kan dit baie goed hou vir 'n lang tyd sonder verlies aan waarde, selfs vir twee tot drie jaar. Dit bied:

1. **Bemarkingsvoordeel** – mielies kan gestoor word indien pryse laag is en gehou word tot op 'n later stadium wanneer pryse verbeter het en 'n groter wins gemaak kan word.
2. **Voerbesikbaarheid** – mielies kan 'n uitstekende bron van voer vir vee in die winter en

in tye van droogte wees. Berging stel ons dus in staat om graan op te gaar vir 'n voerbank.

3. **Menslike verbruik** – indien mielies gestoor word by 'n plaaslike meule, verskans dit die verbruiker teen kosprysstygings – soos die geval is op die oomblik. Dit is veral voordelig vir die kleinskaal bestaansboer wat net 'n paar ton op 'n slag oes. Indien hy sy mielies by 'n plaaslike meule stoor, is hy kos gewaarborg teen sy produksiekoste plus 'n klein bergingsfooi, ongeag van die verhoging van voedselpryse.

Soos met alles, is daar altyd 'n risiko betrokke tydens die berging van mielies. Dit is van kardinale belang om seker te maak dat al die korrekte maatreëls vooraf geneem word om 'n "bergingsramp" te verhoed.

- Maak seker dat die vogvlak korrek is (onder 14%).
- Maak seker dat dit 'n droë plek is wat vry is van

*Foto bo: Bodenstien silo, naby Coligny in die Noordwes Provinsie, is een van die opsies wat jy kan gebruik om jou mielies te stoor indien jy in daardie omgewing woon.*



*Graan silo's op die plaas wen vinnig veld omdat dit die boer toelaat om sy graan te bemark op 'n tyd wat hom die beste pas.*

dakke wat lek, klam toestande en van klammigheid wat deur vloere sypel.

- Hou peste uit deur gereelde beroking.
- Daar is vandag baie opsies wanneer dit kom by die stoor van jou mielies. Daar word voortdurend nuwe produkte ontwikkel wat dit makliker en veiliger maak om mielies te stoor. Ongelukkig is baie van hierdie opsies duur en behels groot kapitaalbesteding. Wat is sommige van hierdie opsies?

- **Sakke** – hierdie metode is waarskynlik die goedkoopste, dit is ook ideaal omdat mielies in enige geskikte ruimte wat op jou plaas beskikbaar is, gestoor kan word, byvoorbeeld skure of stookkamers. Nog 'n voordeel van die gebruik van sakke is dat 'n groot volume gewig in 'n relatief klein ruimte gestoor kan word omdat mielies swaar is.
- **Silos** – jy kan jou mielies stoor by 'n plaaslike koöperasie se silo of op jou plaas, indien beskikbaar. Dit is duurder, maar baie veiliger



*Dragbare awegaars maak die baie makliker om groot hoeveelhede graan op 'n slag te hanteer.*

# Roofdiere – vriend of vyand?



*Die meeste skade sal plaasvind na kopvorming.*

**W**at is 'n roofdier? 'n Roofdier is 'n dier wat voordeel trek (of teer op) die produkte wat deur die boer geproduseer word. Baie boere ly groot verliese van seisoen tot seisoen weens diere wat gewasse en vee vernietig.

Die stryd tussen mens en roofdier bestaan reeds sedert Bybelse tye en sal voortgaan in die af-sienbare toekoms. Die vraag is, hoe kan ons die verliese beheer en hoe kan ons die verhouding tussen mens en dier beheer?

Om hierdie vraag te beantwoord, moet ons eers die vernaamste skuldiges in die stelsel identifiseer. Dit kan wissel van streek tot streek. In hierdie artikel sal ons kyk na gewasroofdiere.

In Suid-Afrika vind ons dat die primêre diere wat gewasse vernietig, is:

- Voëls soos Rooibek Kwêla vinke wat in groot swerms toesak op kleingraan soos sonneblom, koring en sorghum.
- Kraaie en Rawe kan aansienlike skade veroorsaak net na die opkoms van die gewas, veral op mielie- en sonneblomlande.
- Springhaasrotte: Hierdie knaagdiere leef in gate in die grond en veroorsaak die meeste skade net na plant deur al die saad op te vreet.
- Kaapse Grond eekhorings: Dit is ook knaagdiere wat ondergronds in kolonies leef op die kant van die lande en ook die saad wat geplant is, vreet.
- Ystervarke: Dit is 'n knaagdier wat baie skade aan mielies aanrig na die kopstadium totdat die mielies droog is.
- Bosvark: Hierdie varke rig groot skade aan, veral in KwaZulu-Natal. Hulle trap groot dele van gewasse plat, meestal mielies, aartappels en bone en kan 'n plaag wees van die tyd wanneer die saad in die grond geplant word totdat dit droog is vir oes.



*Bosvarke kan 'n plaag wees ook net na plant.*



*Bosvarkskade in die Lowlands distrik, naby Estcourt in KwaZulu-Natal.*



Die stryd om te probeer om hierdie roofdiere te beheer, is dat sommige van hulle skade aanrig waar dit sigbaar is, maar hul groot getalle maak dit moeilik om te bestuur. Ander is min, maar baie meer onsigbaar en skelm, wat dit moeilik om te bestuur.

Nou is die argument, hoe beheer ek hierdie plaag? Het hulle dalk 'n rol te speel in die ekosisteem en sal hulle verwydering die probleem nog erger maak? Hierdie is almal goeie vrae om te vra. Om dit te beantwoord, moet ons eers die natuurlike roofdiere wat bedoel is om hierdie probleemdiere te beheer, identifiseer.

- Voëls – Swartrugjakkals, uile en roofvoëls.
- Knaagdiere – Swartrugjakkals, uile en roofvoëls.
- Bosvarke en ystervarke – luiperds, leeus en ander groot katspesies.

Hoeveel van hierdie natuurlike roofdiere kom nog in die natuur voor en tot watter mate? JA, jy sien dit raak, ons het 'n paar vermiste skakels in ons "sirkel van die lewe". Omdat sommige belangrike roofdiere wat die hoeksteen van die orde vorm, jare gelede uit die stelsel verwyder is, is ons nou in 'n toestand van "Trophic Cascade". Dit vind plaas wanneer een roofdier uit 'n ekologiese sisteem verwyder is en dan 'n wanbalans in die hele stelsel veroorsaak. As gevolg hiervan moet ons gedurig probeer inhaal. Die mens het probeer om die gaping te oorbrug en self "roofdier" te speel. Ongelukkig is dit nie doeltreffend of volhoubaar genoeg om die probleem te beheer nie. Wat kan ons dus doen?

Wel, die beste oplossing sou wees om al die groot roofdiere in die stelsel in te bring, maar om ooglopende redes is dit nie 'n praktiese oplossing nie. As gevolg hiervan glo ek beslis dat die mens 'n beduidende rol te speel het in die bestuur van die getalle roofdiere in bevolkte landbougebiede.



Quickphos is 'n Phostoxine tablet, wat algemeen gebruik word vir die beroking van graan wanneer dit geberg word.

Dit moet gedoen word onder streng protokol deur 'n program wat ontwerp is in die beste belang van alle partye betrokke. Dit is iets wat die verantwoordelikheid van die Parkeraad en soortgelyke instellings in samewerking met boere en grondeienaars moet wees.

### Wat kan ons op ons plase doen?

Daar is baie maniere waarop ons die teenwoordigheid van roofvoëlspesies kan bevorder.

- Ons kan hulle habitat bewaar.
- Ons kan stellasies bou om hul te help met jag in die lande.
- Ons kan die gebruik van skadelike gifstowwe vermy wat sekondêre sterftes veroorsaak.
- Ons kan bewustheid onder ons bure en vriende skep.

'n Paar eenvoudige stappe kan 'n groot verskil maak.

Wanneer dit kom by groter probleemdiere moet daar beslis meganiese ingryping wees... Ja, dit beteken gewere en strikke. Sonder uitdunning van die getalle van hierdie probleemdiere kan ons 'n ontploffing in hul bevolkingsdigtheid sien en dus 'n eskalering van die probleem. Moet egter nie maatreëls in jou eie hande neem nie! Daar is opgeleide professionele persone wat gekontak kan word om uit te kom na jou plaas en sal probeer om die getalle van probleemdiere te verminder. Streng maatreëls moet getref word om veilig en verantwoordelik te wees. Gewoonlik sal professionele jagers opgeleide honde gebruik om varke of ystervarke uit te jaag, dit is dus baie belangrik om al jou bure in kennis te stel, omdat die jag soms op die volgende eiendom ook sal plaasvind. Maak seker dat jy professionele mense gebruik met honde wat opgelei is om slegs varke en ander probleemdiere uit te jaag, nie enige dier wat hulle ruik of sien nie.

Nog 'n metode wat dikwels gebruik word, maar wat meer tyd neem, is lokaas. Dit is waar lokaas of suur meliemeel elke dag op dieselfde plek vir 'n sekere tydperk geplaas word totdat die varke elke aand kom. Sodra hulle gereeld kom, kan jy vroeëgaand in 'n skuiling gaan sit in 'n poging om hulle in 'n lokval te lei; maak seker dat jy in 'n goed versteekte posisie is waar jou reuk en teenwoordigheid nie sigbaar is nie.

Alle beheermaatreëls van groot en klein probleemdiere moet verantwoordelik wees! Hou altyd die sekondêre gevolge van jou aksies in gedagte. Te veel onskuldige diere word verloor as gevolg van die onverantwoordelike gebruik van gifstowwe en strikke. Onthou, elke dier het 'n rol om te speel in die ekosisteem en as een verwyder word, sal dit 'n invloed op al die ander hê.

Artikel verskaf deur Gavin Mathews, Baccalaureus in Omgewingsbestuur. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na [gavmat@gmail.com](mailto:gavmat@gmail.com).

## 3 Moenie enige kortpaaie neem met die berging van jou mielies nie

omdat die silo-eienaars die risiko dra. Dit is hul verantwoordelikheid om om te sien na jou graan en dit in 'n goeie toestand terug te besorg wanneer dit benodig word.

- **Silo sakke** – hierdie metode is goedkoper as tradisionele silo's, maar nog steeds duur, omdat die sakke net een keer gebruik kan word. Dit is dus eintlik net haalbaar indien minstens 100 ton op 'n slag geberg word.
- **In grootmaat** – indien daar ruimte op jou skuur se vloer beskikbaar is, kan jy jou mielies in losmaat op die grond stoor. Hierdie metode het die voordeel dat dit maklik hanteer kan word, veral as jy toegang het tot 'n draagbare awegaar. Dit maak ook voorsiening vir maklike inspeksie vir peste soos mieliekalander, wat 'n groot bedreiging vir gebergde mielies is.

### Hou die volgende in gedagte

Daar is 'n paar belangrike dinge om in gedagte te hou indien jy mielies op die plaas stoor.

Die eerste en belangrikste wat nie geïgnoreer kan word nie, is graanvog. Mielies kan veilig gestoor word onder 14% - 15%, maar bo dit is daar 'n risiko vir die vorming van muf, asook die opbou van hitte binne-in.

Skoon toestande is nog 'n faktor wat altyd in ag geneem moet word. Die bergingsfasiliteit moet goed skoongemaak en berook word om ontslae te raak van kalandereiers wat nog teenwoordig kan wees van vorige seisoene. 'n Algemene en maklik toeganklike gif om te gebruik, is Quickphos of Phostoxine. Dit kom in tabletvorm en moet oor die sakke gestrooi word voordat hulle toegemaak en heeltemal geseël word met 'n seil wat nie enige gate of snye het nie. Phostoxine stel 'n gas vry wanneer dit blootgestel word aan suurstof; hierdie gas is swaarder as lug en beweeg dus afwaarts om die laer vlakke van die meliëstapel in te dring. Maak seker dat jy al die nodige veiligheidsmaatreëls volg voor die gebruik van hierdie gif, dit wil sê handskoene, 'n masker en die was van jou hande en maak seker dat dit behoorlik geseël is sodat daar geen kans is dat die gas kan lek nie.

Die sleutel tot die benutting van die voordele van die gebruik van mieliebergingsopsies is om dit behoorlik te doen sonder enige "kortpaaie". Indien jy bergingsmetodes gebruik om toegang tot die mark te verkry op 'n tyd wat jou pas, sal dit jou besigheid 'n voordeel gee om die beste moontlike winsmarge te behaal.

Artikel verskaf deur Gavin Mathews, Baccalaureus in Omgewingsbestuur. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na [gavmat@gmail.com](mailto:gavmat@gmail.com).

# Graan SA voer 'n onderhoud met... Patricia Ntombi Maphosa



*Mev Maphosa en haar seun Phillimon hou 'n maatstok vas om die hoogte van hulle groenmielies SC701 in Barberton in die Mpumalanga Provinsie te meet.*

**P**atricia Ntombi Maphosa is 'n hardwerkende, suksesvolle boer van die Barberton area in Mpumalanga, wat nie net boer met mielies en groente nie, maar ook werkseleenthede vir werkloses skep en daarna streef om eendag haar eie produkte uit te voer.

## Waar en op hoeveel hektaar boer jy? Waarmee boer jy?

Ek het 'n klein plot in Barberton en tans boer ek op 10 hektaar landbougrond. Ek boer met mielies op beide droëland en besproeiing. Ek het groenmielies op een ha geplant en op ses ha het ek het droëland mielies geplant. Op 'n ander twee hektaar landbougrond het ek het groente soos beet, spinasie en kool geplant. Ek wissel die mielies met droë bone af.

## Wat motiveer/inspireer jou?

Ek is gemotiveer om 'n boer te word omdat ek grootgeword het, het met boerdery in die agterplaas tuin by die huis. Hier het ons groente soos tamaties, uie, beet, ensovoorts geplant. Ek het ook gewerk op 'n plaas in Kaapmuiden, Mpumalanga, vir vier jaar. Hier het ons suikerriet, druiwe, lemoene en papajas geplant; sommige van hierdie vrugte is uitgevoer en sommige is aan die Johannesburg mark gelewer.

Nog 'n rede vir my om op my eie te begin boer, was dat ek werkseleenthede vir werkloses wou skep.

## Beskryf jou sterk-en swakpunte

**Sterkpunte:** My man het baie boerderyonder- vinding en ons doen alles saam as 'n span. Ons het 'n direkte mark vir die verkoop van ons produkte. Die groenmielies word direk van die plaas gekoop en ons maak 'n klomp geld uit die verkoop van hierdie een hektaar groenmielies, ongeveer R30 000/ha.

Ons het ons eie Duetz 65 trekker en een Ford 83 model trekker. Ek het ook 'n Toyota bakkie wat gekoop is met geld wat ons uit die plaas gemaak het. Ek het ook opleiding van Graan SA ontvang, wat my in staat gestel het om op die regte manier te boer.

**Swakpunte:** Ek het tans 'n tekort aan plaasimplimente vir snyaksie. Ek gebruik ou trekkerbande wat ek trek met 'n trekker om die grond los te maak. Ek het ook nie 'n skuur om my oes te stoor nie.

Ons plaas is klein en ons wil uitbrei deur die skoonmaak van die area langs ons plaas, wat nie deur enigiemand gebruik word nie. Water is nooit genoeg nie en ons het twee boor- gate geboor wat nie meer werk nie.

## Wat was jou oesopbrengs toe jy begin boer het? Wat is jou onderskeie opbrengste nou?

Toe ek begin boer het, het ek minder as 1 ton/ha mielies geoes. Tans oes ek 4 ton/ha onder droëland en ±7 ton/ha groenmielies.

## Wat dink jy is die grootste bydraer tot jou vordering en sukses?

Die grootste bydraer tot my vordering en sukses is my man. Ons werk hand aan hand en omdat hy baie boerdery-ervaring en 'n paar kwalifikasies in landbou het, is hy my mentor en is altyd bereid om my te help.

Die Graan SA opleidingskursusse wat ek bygewoon het, is ook 'n bydraer tot my vordering en sukses. Ek woon ook studiegroepvergaderings, boeredae en werksinkels aangebied deur Graan SA in ons area by.

## Watter opleiding het jy tot op datum ontvang en watter opleiding sal jy nog graag wil doen?

Ek het kursusse oor groenteproduksie bygewoon wat aangebied is deur die Departement van Landbou. Ek het ook kursusse bygewoon wat deur Graan SA aangebied is, soos die Inleiding tot Mielieproduksie, Boerdery vir Wins en Trekkerinstandhouding.

## Waar sien jy jouself oor vyf jaar? Wat sal jy graag wil bereik?

Oor vyf jaar wil ek graag 'n groot plaas besit of my bestaande plaas uitbrei. Ek wil trekkers met



hul eie implimente wat in 'n goeie werkende toestand is, besit. Ek wil ook graag ±20 permanente personeel in diens neem en geleenthede vir werkloses skep. Ek wil graag my produkte uitvoer, sodat ek 'n klomp geld kan genereer.

## Watter raad het jy vir jong aspirantboere?

My raad aan jong aspirantboere is as hulle wil boer, hulle 'n liefde vir boerdery moet hê. As jy net boer ter wille van boer, gaan jy nie slaag nie. Jy moet nie mense die werk vir jou laat doen nie, jy moet dit self doen. Hulle moet ook boerderyvaardighede verkry deur die bywoning van kursusse, werksinkels en boeredae. Hulle moet nie vinnig wil ryk word nie en moet volhard en wag tot hul besigheid goed ontwikkel en volhoubaar is.

*Artikel verskaf deur Jerry Mithombothi, Ontwikkelingskoördineerder van die Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na [jerry@grainsa.co.za](mailto:jerry@grainsa.co.za).*



# Wat is die opsies om my mielies te bemark?

In die verlede was die verkoop van mielies baie makliker. Die boer sou die mielie-oes produseer en dit lewer aan die plaaslike koöperasie en behoorlik betaal word vir sy produk teen 'n baie meer gereguleerde markprys as vandag. Die koöperasie sal dien as die middelman en die mielies versprei aan kopers in alle sektore en bedrywe.

Vandag is dinge egter 'n bietjie meer ingewikkeld. Die koöperasies het nog 'n groot rol om te speel en beheer steeds 'n groot persentasie van die nywerheidsgraan. Die enigste verskil is dat die boer vandag groter toegang tot die mark het met moderne tegnologie en kan dus maklik sy mielies bemark aan 'n verskeidenheid verbruikers in 'n poging om die beste maontlike prys te ontvang.

## Waar kan ek my mielies bemark?

By die oorweging van hierdie vraag moet ons dink oor die gebruik van mielies: wie gebruik dit, hoe word dit gebruik, waar word dit gebruik, ensovoorts? Mielies kan bemark word aan 'n aantal graankoöperasies. In Suid-Afrika is die voorste koöperasies NWK, SENWES, SUIDWES, TWK, AFGRI en GWK. Daar is ook baie privaat kopers wat jou mielies kan bemark; dit sluit in meulens, voermaatskappye, voerkrale, boerderye, hoenderplase en kleinskaalsmouse. Dit is 'n belangrike besluit om te neem en alle maontlike markte moet versigtig oorweeg word.

Daar is 'n aantal opsies om te oorweeg wanneer jy besluit waar om jou mielies te verkoop.

1. **Ligging** – as gevolg van hoë vervoerkoste moet jy uitvind waar die naaste mark sal wees.
2. **Prys** – ons moet die waters toets en uitvind wie betaal die beste pryse, want selfs al is die markprys redelik vasgestel volgens SAFEX, is daar steeds kopers wat bereid is om 'n premie vir gerief en gehalte te betaal.
3. **Produk** – voordat ons mielie-aanplantings doen, moet ons bepaal watter produkte in aanvraag is in jou area. Miskien is daar 'n voermaatskappy in jou area wat 'n koper van geelmielies is. Miskien is daar 'n meliemeule in jou area wat witmielies koop. Hierdie is uiters belangrike faktore om te oorweeg.

Tegnologie is vandag 'n groot rolspeler by mieliebemarking en word wyd gebruik op verskillende wyses. Die belangrikste een is die koop



'n Boer ruil sy mielies om vir meliemeel.



Mielies word gelewer aan die plaaslike meule.

## Redaksie

### GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Suite 3, Privaatsak X11, Brandhof, 9324  
Collinsstraat 7, Arboretum  
Bloemfontein  
▶ 08600 47246 ◀  
▶ Faks: 051 430 7574 ◀ [www.grainsa.co.za](http://www.grainsa.co.za)

### HOOFREDAKTEUR

**Jane McPherson**  
▶ 082 854 7171 ◀ [jane@grainsa.co.za](mailto:jane@grainsa.co.za)

### REDAKTEUR & VERSPREIDING

**Liana Stroebel**  
▶ 084 264 1422 ◀ [liana@grainsa.co.za](mailto:liana@grainsa.co.za)

### ONTWERP, UITLEG EN DRUK

**Infoworks**  
▶ 018 468 2716 ◀ [www.infoworks.biz](http://www.infoworks.biz)



### PULA IMVULA IS BESKIKBAAR IN DIE VOLGENDE TALE:

**Afrikaans,**  
Engels, Tswana, Sesotho,  
Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

### Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

### ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

**Danie van den Berg**  
Vrystaat (Bloemfontein)  
▶ 071 675 5497 ◀ [danie@grainsa.co.za](mailto:danie@grainsa.co.za)

### Johan Kriel

Vrystaat (Ladybrand)  
▶ 079 497 4294 ◀ [johank@grainsa.co.za](mailto:johank@grainsa.co.za)  
▶ Kantoor: 051 924 1099 ◀ Dimakatsi Nyambose

### Jerry Mhomboti

Mpumalanga (Nelspruit)  
▶ 084 604 0549 ◀ [jerry@grainsa.co.za](mailto:jerry@grainsa.co.za)  
▶ Kantoor: 013 755 4575 ◀ Nonhlanhla Sithole

### Naas Gouws

Mpumalanga (Belfast)  
▶ 072 736 7219 ◀ [naas@grainsa.co.za](mailto:naas@grainsa.co.za)

### Jurie Mentz

KwaZulu-Natal (Vryheid)  
▶ 082 354 5749 ◀ [jurie@grainsa.co.za](mailto:jurie@grainsa.co.za)  
▶ Kantoor: 034 980 1455 ◀ Sydwell Nkosi

### Ian Househam

Oos-Kaap (Kokstad)  
▶ 078 791 1004 ◀ [ian@grainsa.co.za](mailto:ian@grainsa.co.za)  
▶ Kantoor: 039 727 5749 ◀ Jenilee Buntting

### Lawrence Luthango

Oos-Kaap (Mthatha)  
▶ 076 674 0915 ◀ [lawrence@grainsa.co.za](mailto:lawrence@grainsa.co.za)  
▶ Kantoor: 047 531 0619 ◀ Cwayita Mpotyi

### Liana Stroebel

Wes-Kaap (Paarl)  
▶ 084 264 1422 ◀ [liana@grainsa.co.za](mailto:liana@grainsa.co.za)  
▶ Kantoor: 012 816 8057 ◀ Melercia Kotze

### Du Toit van der Westhuizen

Noordwes (Lichtenburg)  
▶ 082 877 6749 ◀ [dutoit@grainsa.co.za](mailto:dutoit@grainsa.co.za)  
▶ Kantoor: 012 816 8038 ◀ Lebo Mogatlanyane

## Wat is die opsies om my mielies te bemark?



Mielies word gelewer aan die plaaslike meule.



Terwyl hulle wag vir hulle meliemeel bestelling, gebruik hierdie boere die tyd om die Pula/Imvula te lees.

en verkoop van graan deur die Suid-Afrikaanse Termynbeurs (SAFEX). Om dit te doen, het jy gewoonlik die hulp nodig van 'n makelaar wat die markdensense ken en jou raad kan gee oor jou transaksies. Die meeste makelaars kan gekontak word deur middel van 'n graanhandelmaatskappy.

Met behulp van SAFEX kan 'n boer die mark evalueer en die prys verskans waarteen hy sy mielies verkoop om hom te beskerm teen 'n

toekomstige afname in prys. Om dit te doen sal 'n boer gewoonlik 'n opsie koop wat 'n minimum prys vir sy mielies sal bepaal. Indien die prys van mielies laag is en die boer bang is dat dit sal styg, sal hy 'n koopopsie koop (*call*). As die prys hoog is en die boer bang is dat dit sal daal, sal hy 'n verkoopopsie koop (*putt*). Die verhandeling van graan met behulp van SAFEX kan aanvanklik baie verwarrend wees en dit is waarom dit raadsaam is om die dienste van 'n makelaar te gebruik. Maar wanneer die vaardigheid bemeester word, sal dit baie nuttig as 'n buffer wees tydens vloeibare tye.

Die graan wat jy produseer, is jou lewensbestaan, dus is dit noodsaaklik dat jy die moeite doen om dit so goed as wat jy kan te bemark. Gebruik al die beskikbare hulpbronne om die beste koper te vind wat sal bydra tot die beste winsmarges. Moenie jou mielies instinktief verkoop aan die maklikste en mees gerieflike mark nie. Met 'n bietjie bemarkingstrategie sal jy jou potensiële inkomste verhoog en moontlik nuwe besigheidsverhoudings smee wat in die toekoms voordelig sal wees. ☔

**Artikel verskaf deur Jenny Mathews, Pula/Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na [jenjonmat@gmail.com](mailto:jenjonmat@gmail.com).**

HIERDIE PUBLIKASIE  
IS MOONTLIK GEMAAK  
DEUR DIE BYDRAE VAN  
DIE MELIETRUST